

JUTA SE
**PARALLEL
TAALSERIE**

(AFRIKAANS EN ENGELS)

VIR SUIDAFRIKAANSE SKOLE

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE
UNIERSITEIT VAN KAAPSTAD.

STANDERD V.
AFRIKAANS.



JUTA & KIE, BEPERK, *Uitgewers,*

Opvoedkundige en Algemene Boekhandelaars

KAAPSTAD.

Takke: JOHANNESBURG, PORT ELIZABETH EN UITENHAGE.
1922.

5kb

372.6

BRO

JUTA SE
PARALLEL
TAALSERIE

(AFRIKAANS EN ENGELS)

VIR SUIDAFRIKAANSE SKOLE

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE
UNIWEBSITEIT VAN KAAPSTAD.

STANDERD V.
AFRIKAANS.



JUTA & KIE, BEPERK, *Uitgewers,*

Opvoedkundige en Algemene Boekhandelaars

KAAPSTAD.

Takke: JOHANNESBURG, PORT ELIZABETH EN UITENHAGE.
1922.

Voorwoord.

In die bewerking van hierdie serie is getrag om die volgende beginsels toe te pas:—

1. Die onderwys in die een taal moet heeltemal afsonderlik gehou word van die onderwys in die ander taal. Die kind moet direk leer dink in die taal wat hy leer. Die vertaal-metode word dus nie gebruik nie.
2. Die korrekte taalvorm of taalgebruik is die uitgangspunt, en dien steeds as model vir die leerling, Daar word op aangedring dat hierdie modelle, wat as leesstof die eintlike oefeninge voorafgaan, deeglik studeer word, voor die leerlinge van hulle afstap.
3. Die verkeerde, die onjuiste moet sistematies vermy word. Net op die juiste taalgebruik word nadruk gelê.
4. Betekenis moet nooit aan vorm opgeoffer word nie; onsin, gesogtheid en kunsmatigheid moet vermy word, selfs waar dit net daar om te doen is om 'n taalverskynsel te verklaar.
5. In die taalles ook moet dit moontlik gemaak word vir die kind om hom in 'n bepaalde appersepsiekring te beweeg. Hy word dus van die staanspoor voor 'n *eenheid* geplaas, waarin en waaromheen hy hom kan oriënteer. Los sinne en toetse moet dus net *betreklik* los wees, in die sin dat hulle aansluit by die eenheid, waarin die kind hom reeds bevind.

6. 'n Sistematiese en formele studie van grammatika het, vir leerlinge op die laer skool teminste, só min en só 'n twyfelagtige soort waarde, dat dit nie die moeite werd is om daar te veel drukte van te maak by die taalonderwys nie.

Die beskaafde *taalgebruik* dien as uitgangspunt en basis van ons onderwysmetode ; die *beskaafde gebruik van die taal*, in sy gesproke en geskrewe vorme, is hoofdoel van ons taalonderwys op die laer skool. Volg ons daardie metode, en bereik ons daardie doel, dan sal ons nie alleen die kind van 'n onontbeerlike wapenrusting voorsien het nie, maar ook in hom die kiem geplant het van 'n liefde vir wat mooi is in die boekewêreld.

H.H.B.

Kaapstad,
Februarie 1922.

1. Lees :

Rol die Bal.

Vir hierdie lekker speletjie is twee voetballe of korfballe nodig. Die twee grootste kinders is die kapteins, en hulle kies hulle spanne. Die kinders van elke span staan agtermekaar al na hulle grootte, en die twee spanne staan langsmekaar. Die kapteins hou elkeen 'n bal bo hulle kop, en die ander spelers steek hulle hande ook op. Een, twee, drie word getel, en dan gee die kapteins die balle aan na agter toe. Die bal glip deur die hande totby die laaste speler. Sodra hy die bal kry hardloop hy vinnig, en gaan staan voor die kaptein. Weer word die bal na agter toe aange-rol, en elke keer kom die agterste speler voor staan. Die span wat sy kaptein eerste weer voor-aan kry het gewen.

2. Vertel hoe 'n mens *Rol die bal* speel.
3. Beskrywe enige ander speletjie waarmee jy bekend is.
4. Skrywe sinne met die meervoud van :
 - (a) bal, pen, bank, hand, span.
 - (b) speler, tafel, moeder, voël.
 - (c) lemoen, geweer, pastei.
5. Wat is die teenoorgestelde van : *vooraan, grootste, agtertoe, vinnig, gewen.*
6. Skrywe vrae waarop die volgende sinne as antwoorde kan dien :—
 - (a) Twee balle is nodig vir daardie speletjie.
 - (b) Die kinders kies twee groot kinders uit.
 - (c) Die twee spanne staan langsmekaar.
 - (d) As die agterste speler die bal kry hardloop hy vorentoe.
 - (e) Dan word die bal weer aangegee.

1. Lees :

Wat Koos geken het.

Koos was 'n boerseun wat op 'n Karoplaas grootgeword het. Toe hy 'n week of twee op skool was op die dorp, vra die onderwyseres een-dag in die rekenles die volgende vraag: „As daar twaalf skape in 'n kamp is, en ag spring oor die hek, hoeveel bly daar nog binne?” Koos was nooit stadig om te antwoord nie: „Niks nie, Juffrou,” sê hy. „Nee Koos, jy ken nie baie rekenkunde nie,” antwoord die onderwyseres. „Dit is miskien waar, Juffrou,” sê Koos, „maar ek ken 'n skaap.”

2. Wat het die onderwyseres gevra?
 Wat was Koos se antwoord?
 Wat het sy toe daarop gesê?
 Wat was Koos se laaste antwoord?
3. Skrywe hierdie verhaaltjie neer in jou eie woorde.
4. Maak ses samegestelde woorde met die woord *boer-* en gebruik hulle in sinne.
5. Skrywe die meervoud van : *vraag, dag, plaag, pad, blad.*
6. Veronderstel dat jy die onderwyseres was, en vertel die verhaaltjie soos jy dit aan 'n vriendin sou meedeel.
7. Vertel wat jy weet van 'n Karoplaas of van 'n plaas in enige ander deel van Suidafrika.
8. Veronderstel dat jy 'n skaapwagter is en beskrywe hoe jy die dag sal omkry.

1. Lees :

Rietfontein.

Rietfontein lê langs die Olifantsrivier, omtrent veertien myl van Graafwaterstasie. Die plaas beslaan sowat tweeduisend morge grond, die grootste gedeelte waarvan bewerk is. Langs die oewers van die rivier staan uitgestrekte lemoenboorde; 'n bietjie hoër lê die koringlande. Die plaas het maar 'n klein stukkie berggrond, en daarop is bosse aangelê. Lemoene, graan en hout is die vernaamste produkte wat hierdie plaas oplewer. Vee aard ook redelik goed hier, veral grootvee; maar die landbou is meer winsgewend.

2. Vertel waar die plaas Rietfontein geleë is, en wat daar geproduseer word.
3. Gee 'n beskrywing van enige plaas waarmee jy bekend is.
4. Skrywe sinne met die name van: (1) vier riviere, (2) vier spoorwegstasies.
5. Maak deur middel van sinne die verskil in betekenis duidelik tussen: *grootvee* en *groot vee*; *'n swarthord* en *'n swart bord*; *grootmense* en *groot mense*; *'n swartskaaap* en *'n swart skaap*.

Watter reël kan neergelê word?

6. Skrywe in woorde 23; 109; 345; 6,237; $5\frac{3}{4}$; $4\frac{7}{8}$.
7. Wat is die teenoorgestelde van: *wins*, *hoër*, *vernaamste*, *bietjie*.
8. Beskrywe die vernaamste werksaamhede op :
(a) 'n veeplaas; (b) 'n saaiplaas; (c) 'n wynplaas;
(d) 'n vrugteplaas; (e) 'n volstruisplaas.

1. Lees :

Ná die diens.

Die buitekêrk is net afgeloop. Die oumense in die huis sit en praat oor die preek, terwyl die jongmense buite aan die gang is. Een klomp loop rond. 'n Ander klomp veral nôiens staan by Frits, die smous, wat ook daar is met 'n wa vol mooi goed; en 'n klomp jongkêrels sit op die kraalmure lekker en gesels oor die perde, wat in die kraal staan.

(*Uit Sewe Duivels: Ou Oom Jan.*)

2. Gee die inhoud van hierdie stukkie weer in die volgende orde: (a) wat die oumense doen, (b) wat die een klomp jongmense doen, (c) wat die nôiens hulle mee vermaak, (d) die gesprek van die jongkerels.

3. Skrywe sinne met: *slaan en praat, sit en eet, lê en kou, loop en lag.*

4. Die meervoud van *nói* is *nôiens*. Skrywe sinne met die meervoud van *wa, vrou, vark, bed, bed.*

Die meeste van hierdie woorde het ook 'n meervoudsvorm op *-e*. Vind jy ook verskil in betekenis tussen die twee vorme?

5. Skrywe sinne met *buite* en met *buiten*; ook met woorde wat die teenoorgestelde betekenis het.

6. Vertel iets van 'n smous wat jy al gesien het.

7. Verklaar die volgende uitdrukkings:

- (a) Koos is te gou op sy perdjie.
 (b) Willem kan sy man staan.
 (c) Daardie man is somar 'n rondloper.
 (d) Die vergadering is al afgeloop.

8. Beskrywe in die regte volgorde alles wat plaasvind gedurende die môrediens in julle kerk.

1. Lees :

Ons Kerk.

- Die kerk op ons dorp is 'n mooi, groot klipgebou. Die gebou het drie vlerke wat na noord, oos en wes uitgebou is. Die hoofingang is in die noordelike vlerk, en bo die ingang pryk 'n pragtige toring wat honderd-en-twintig voet hoog is. In die ander twee vlerke is daar ook ingange. Die preekstoel, wat ook in klip uitgehou is, staan teen die muur aan die suidekant van die kerk. Agter die preekstoel is daar twee ruïne kamers en bo die kamers staan die orrel. Die drie vlerke van die kerk is elkeen voorsien van 'n galery.
2. Vertel noukeurig hoe die kerk lyk wat hier beskrywe word.
 3. Gee 'n beskrywing van die kerk op julle dorp.
 4. *Klipmuur* is 'n samegestelde woord, die eerste deel waarvan die stof aandui waaruit die voorwerp gemaak is. Maak sulke samegestelde woorde met *gras-*, *silwer-*, *riet-*, *koper-*, *suiker-*, *hout-* en *blik-* en gebruik hulle in sinne.
 5. Skrywe sinne met die teenoorgestelde van *ingang*, *mooi*, *suid*, *ruim*, *pragtige*.
 6. Wat is die betekenis van:—
 - (a) Gedurende die droogte het die regering sommige mense van kos voorsien.
 - (b) Daardie boek voorsien in 'n behoefte wat ons al lank in die skool voel.
 - (c) Hierdie standbeeld is in marmer uitgehou.
 7. Die verkleinwoord van *gang* is *gangetjie*. Skrywe sinne met die verkleinwoorde van *ring*, *string*, *stang*, *wang*.
 8. Die verkleinwoord van *toring* is *torinkie*. Skrywe sinne met die verkleinwoorde van die volgende tweelettergrepige woorde: *ketting*, *paling*, *koning*, *piering*.
 9. Woorde van drie of meer lettergrepe vorm hulle verkleinwoorde soos *toring*: *beskrywinkie*, *wandelinkie*, *katjiepierinkie*, *vergaderinkie*. Party het ook 'n vorm op *-etjie*: *wandelingtjie*.

1. Lees :

Die verskil.

- In die rekenles het die onderwyseres aan die klas duidelik gemaak dat 'n pennie uit twee stuiwers bestaan, en dat twee stuiwers dieselfde waarde het as 'n pennie. „Mimmie,” vra sy toe, „wat wil jy liever hê, 'n pennie of twee stuiwers?” „Twee stuiwers, Juffrou,” was die antwoord. „Waarom dan Mimmie; daar is tog geen verskil nie?” sê die onderwyseres toe. „Ja, Juffrou, daar is verskil; as ek die pennie verloor, dan het ek niks nie; maar as ek een van die stuiwers verloor, dan het ek nog een oor.”
2. Stel vrae waarop die volgende sinne as antwoorde kan dien:—
- (a) Die onderwyser het die les duidelik gemaak.
 - (b) 'n Pennie het dieselfde waarde as twee stuiwers.
 - (c) Ek wil liever twee stuiwers hê.
 - (d) As ek een van die stuiwers verloor dan het ek nog een oor.
3. Voltooi die volgende sinne:—
- (a) Die onderwyseres het vir Mimmie gevra wat
 - (b) Mimmie antwoord toe dat
 - (c) Die onderwyseres sê toe weer dat
 - (d) Mimmie se antwoord was dat daar
4. Vertel die verhaaltjie nogeens oor, en skrywe dit dan neer.
5. Gebruik die volgende woorde in sinne en let noukeurig op die spelling: *twee, tweede, tweedrag, tweetalig, tweekantig.*
6. Skrywe neer die verskillende soorte van lesse wat jy op skool leer.
7. Skrywe in woorde: 8, 18, 7, 17, 9, 19, 29, 37.
8. Skrywe sinne met die vroulike vorm van: *dienaar, prins, sondaar, sanger.*
- Soek woorde waarvan die vroulike vorme eindig op: *-in, -ster, -iese, -e.*

1. Lees :

My pad skool-toe.

Ons woon in Dorpstraat. As ek smôrens na skool gaan, stap ek langs Dorpstraat af, tot ek by die pastorie kom. Daar draai ek links af in Hofmeyrstraat. Hierdie straat is lank en loop dwarsoor die Markplein. Omtrent tweehonderd tree anderkant die plein draai ek weer links weg in Boomstraat. Dan kan ek al die skool sien, want hy staan aan die ander kant van hierdie straat, omtrent driehonderd tree van die hoek af. Ek moet vinnig stap as ek binne vyftien minute die afstand tussen ons huis en die skool wil afloop.

2. Vertel noukeurig hoe 'n mens moet loop van Dorpstraat na die skool.
3. Beskrywe duidelik hoe jy loop: (a) van julle huis na die skool, (b) van die skool na die kerk, (c) van die poskantoor na die verste winkel.
4. Maak jou eie samegestelde woorde met: *-straat*, *-rivier*, *-vlei*, *-plein*, *-hoek* en gebruik hulle dan in sinne.
5. Wat is die teenoorgestelde van *smôrens*, *snags*, *hierdie*, *binne*, *links*, *bo-oor*, *ofskoon*.
6. Skrywe in woorde: 500, 6321, 27911, 333719.
7. Verklaar die betekenis van: - -
 - (a) Ek is woonagtig in Natal.
 - (b) Jy moenie so draai nie, jy sal laat wees.
 - (c) Jy moet vas staan al doen hy ook wat.
 - (d) Ek sal die afstand afloop in tien minute.
 - (e) Jou horlosie is afgeloop.
 - (f) Daardie man trek altyd dwars.

1. Lees :

Willem se verleentheid.

„Voor jou is noord, aan jou regterhand is oos, aan jou linkerhand wes; wat is nou agter jou Willem?” vra die onderwyser.

Willem word rooi, maar antwoord nie. „Toe dan Willem,” sê die meester weer, „dit is tog maklik genoeg.”

Willem skep moed. „'n Lap Meneer,” was sy antwoord, „ek het mos vir Ma gesê al die mense sal daarvan praat.”

2. Wat het die onderwyser vir Willem gevra?
Wat het Willem toe gedoen?
Wat was sy antwoord eindelijk?
3. Skrywe hierdie grappie omtrent Willem nogeens neer maar in jou eie woorde. Begin só: Eendag op skool
4. Skrywe sinne met *noordelike, suidelike, westelike, oostelike, maklike, manmoedige, praterige*.
5. In die samegestelde woord *lappop* dui die eerste deel die *stof* aan, waarvan die voorwerp gemaak is. Maak soortgelyke samegestelde woorde van *riet-, silwer-, blik-, staal-, steen-, papier-, ver-, gras-*. Skrywe sinne met die woorde wat jy gemaak het.
6. Wat beteken hierdie uitdrukkings:
 - (a) „Oos wes, tuis bes.”
 - (b) Jy is my 'n antwoord skuldig.
 - (c) Praat van die ding!
 - (d) Die meester het die leerling vasgevra.
 - (e) Moed verloor, alles verloor.

1. Lees :

**Eendrag maak mag,
Tweedrag breek krag.**

'n Vader het 'n klompie seuns gehad wat altyd rusie onder mekaar gemaak het en nooit wou saamwerk nie. Eendag sê hy hulle moet vir hom 'n klompie stokkies bring, en toe gee hy aan elkeen 'n stokkie om middeldeer te breek. Dit het natuurlik baie maklik gegaan. Daarna bind die vader al die stokkies aanmekaar, en gee toe weer 'n beurt aan elkeen van die seuns om die bundel te breek. Maar hulle kon dit nie doen nie. „Seuns,” sê hy toe, „as julle bymekaar staan en mekaar help, sal julle wees soos hierdie bundel, bestand teen die aanval van vyande; maar as julle ondermekaar verdeeld is, sal julle net so maklik gebreek word, soos daardie afsonderlike stokkies.”

2. Skrywe hierdie verhaaltjie neer in jou eie woorde.
3. Veronderstel dat jy een van die seuns was, en vertel dan die verhaal nogeens oor.
4. Vorm byvoeglike naamwoorde van die volgende woorde met behulp van die agtervoegsels -ig en gebruik hulle in sinne: *eendrag, krag, mag, vyand, afval*.
5. Druk die volgende sinne anders uit:
 - (a) Die kinders maak rusie.
 - (b) Ek wil jou samewerking hê in hierdie saak.
 - (c) Die seuns het beurtelings op die olifant gery.
 - (d) Daardie jong perd moet nog ingebreek word.
 - (e) Daar is verdeeldheid onder die stakers.
6. Wat is die teenoorgestelde van: *breek, verdeel, afsonderlik, altyd, help, maklik*.
Skrywe sinne met die woorde van teenoorgestelde betekenis.

1. Lees :

Jakkals en Leeu.

Jakkals dra eendag 'n lam wat hy in 'n boer se kraal gesteel het. Onverwags loop hy teen Leeu vas. Leeu neem dadelik die lam by hom af en stap voort. Toe Leeu op 'n veilige afstand was skree Jakkals: „Jy het iets van my geneem wat wettig en regverdig aan my behoort.” „Ja,” antwoord Leeu terug, „wettig en regverdig; 'n present van 'n vriend, né.”

2. Wat het Leeu aan Jakkals gedoen?
Wat het Jakkals toe gesê?
Wat was Leeu se antwoord?
3. Skrywe hierdie grappie nogeens neer in jou eie woorde.
4. Vertel die storie oor soos Jakkals dit aan een van sy vriende sou vertel het, en ook soos Leeu dit sou vertel het.
5. Verklaar die volgende uitdrukkings:--
 - (a) Ek het my byna vasgeloop.
 - (b) Jakkals was op 'n veilige afstand van Leeu.
 - (c) Jakkals sê Leeu het hom onregverdig behandel.
 - (d) Die leerlinge het 'n geskenk aan die onderwyser gepresenteer.
 - (e) Leeu stap voort.
 - (f) Leeu het voor geloop.
6. Vorm afgeleide woorde van die volgende grondwoorde en gebruik hulle in sinne: *vriend, veilig, regverdig, wet, neem.*

Juta se Afrikaanse Verhaaltjies, bevat 45 stories vir gebruik in die Stelonderwijs. Prys 1/6.

1. Lees :

'n Gesprek.

„Jy is mos vroeg tuis, Lenie; wanneer het julle skool dan gesluit?”

„Ons skool het ook maar gister gesluit, Annie; maar kosleerlinge wat ver woon kry altyd verlof om vroeër huis-toe te gaan; of liever, die spoorwegmense reël dit so, dat die skooltreine altyd 'n dag of twee voor die sluiting van die skole vertrek.”

„Een hoe lyk dit nou; hou jy baie van die bolland? Jy wou mos so graag soontoe gaan.”

„O ja, dis baie mooier en aangener daas as in die onderveld. Ek hou tog so baie van die groen bome, die blou berge en die pragtige wingerds.”

„En die nat wintermaande?”

2. Gaan voort met hierdie gesprek van Lenie en Annie.
3. Beskrywe kortliks hoe die Karo of die Kaapse Skiereiland lyk.
4. Twee meisies moet 'n piekniek reël vir Uniedag. Skrywe hulle gesprek neer.
5. Skrywe sinne met: *koshuise, reëling, sneltrein, wynstok, bergagtig, groente, groenigheid.*
6. Ons sê: *vroeg, vroeër, vroegste* wanneer ons vergelykings maak. Skrywe die trappe van vergelyking van *moeg, hoog, leeg.*
Die trappe van *laag* is *laer* en *laagste*, van *mooi, mooier* en *mooiste*. Skrywe die trappe van *traag, rooi.*
7. Wat is die teenoorgestelde van *sluiting, graag, soontoe, vroeg, ver, altyd?* Skrywe sinne met die woorde wat jy kry.

1. Lees :

?

Mnr. Kriek was iemand wat baie goed kon raai. Eendag laat die koning hom roep en sê toe vir hom: „Môre moet jy vir my kom sê wat in hierdie skottel is.” Die volgende dag was Mnr. Kriek net erg in die nood; hy het geraai en geraai, maar dit was altyd mis. Naderhand sê hy: „Arme Kriek is in die hande.” Die koning stop hom toe dadelik ’n som geld in die hand: daar was ’n kriek in die skottel.

2. Dink ’n gepaste opskrif uit vir hierdie verhaaltjie.
3. Mnr. Kriek se woorde was dubbelsinnig. Wat het hy bedoel? Hoe het die koning die woorde verstaan? Waarom dink jy het die koning die woorde verkeerd verstaan.
4. Skrywe hierdie storie neer in jou eie bewoording.
5. Vertel die storie soos Mnr. Kriek dit aan sy vrou vertel het, toe hy die aand tuis kom.
6. Verklaar die volgende uitdrukkings:—
 - (a) Die dief is in die hande.
 - (b) Die man het eindelijk raak geraai.
 - (c) Die gevangene lyk baie in die nood.
 - (d) Nood leer bid.
7. Vorm afgeleide woorde van *raai*, *koning*, *hand*, *dag*.
 Gebruik die afgeleide woorde in sinne.
8. Wat is die teenoorgestelde van: *die volgende dag*, *dadelik*; *raak geraai*; *Kriek is vry*.
 Gee ’n kort beskrywing van ’n kriek, en vertel wat jy weet van die lewenswyse van die diertjie.

Dom Jan en sy Oubaas.

(I.)

Dom Jan was 'n ou kaffir wat by 'n ryk man in diens was en in die kombuis gewerk het. Met Kersmis het hy 'n paar ganse gekook vir die middagmaal. Maar toe hy die ganse opskep breek hy eers een bout af van elkeen. Aan tafel het die oubaas hom baie geskaam oor die afbout-ganse, en toe die mense weg was wou hy vir Jan 'n pak gee. Maar die ou jong staan daarop dat 'n gans net een bout het, en neem sy baas na die dam. Toe hulle by die dam kom, staan al die ganse op een been. Die oubaas maak toe 'n geraas en die ganse hol weg op twee bene. Toe sê Dom Jan: „Maar waarom het Oubaas dan nie aan tafel ook so 'n geraas gemaak nie?”

2. Waar het Dom Jan gewerk?
Wat het hy met die gekookte ganse gemaak?
Wat het by die dam gebeur?
Wat was Dom Jan se laaste antwoord?
3. Skrywe die storie neer in jou eie woorde.
4. Gebruik in sinne: *aan tafel*; *op kantoor*; *op skool*; *op straat*; *op Caledon*; *in Johannesburg*.
5. Maak samegestelde woorde van die volgende woorde: *Kersmis*, *tafel*, *dam*, *kaffir*, *gans*, *twee*.
Skrywe sinne met die woorde.
6. Vorm afgeleide woorde van *diens*, *skaam*, *mens*, *raas*. Skrywe sinne met die woorde.
7. Verklaar:—
 - (a) Leë vate maak groot geraas.
 - (b) Koos is in die staatsdiens.
 - (c) 'n Groot leër is dadelik op die been gebring.

1. Lees :

Dom Jan en sy Oubaas.

(II.)

Dom Jan het die volgende dag ander wêrk gekry. Hy moes na die rytuie kyk en die perde versorg. Sy oubas gee hom 'n blik teer en sê hy moet die kapkar smeer. Dit het nie lank geduur nie of Jan kom vra nog 'n blik teer. „Die kar is so groot, Oubaas,” sê Jan, „die blik is al leeg, en ek het nog net die sitplek gesmeer.”

2. Vertel die tweede mistrap van Dom Jan.
3. Skrywe die verhaaltjie neer soos die oubaas dit aan 'n vriend sou vertel.
4. Skrywe sinne met: 'n *blik teer*, 'n *teerblik*; 'n *kapkar*, 'n *karkap*; 'n *olielamp*, *lampolie*.
5. Let op hierdie sinne: Die tafel is *lank*; ek het *lank* gewag; dit is 'n *lang* tafel. Skrywe soortgelyke sinne met *hoog* en *hoë*, *breed* en *breë*; *laag* en *lae*, *wyd* en *wye*.
6. Skrywe sinne wat die teenoorgestelde betekenis het van die volgende:
 - (a) Jan het die *volgende* dag gewerk.
 - (b) Dit sal baie *lank* duur.
 - (c) Die huis is *leeg*.
 - (d) Dit is 'n *ander* perd.
7. Verklaar hierdie uitdrukkings:
 - (a) Die vergadering was kort van duur.
 - (b) Ons het 'n langdurige reis gehad.
 - (c) Waar is jy teenswoordig werksaam.
 - (d) Die kar moet nog 'n smeersel verf kry.
 - (e) Jy lyk baie besorg oor die toekoms.

1. Lees :

Lenteliefde.

Al die veld is vrolik,
 Al die voëltjies sing,
 Al die kriekies kriek daarbuite,
 Elke sprinkaan spring.

Al die koggelmannetjies
 Kom om fees te vier;
 Hier galop 'n goggatjie,
 Daarso dans 'n mier.

Selfs die vissies spartel
 Teen die kaffirkuil;
 In die groot ou eikeboom
 Droom 'n oupa-uil.

(C. L. LEIPOLDT.)

2. Vertel noukeurig oor wat die digter in elke versie sê.
3. Skrywe die inhoud van die drie versies neer in jou eie woorde.
4. Skrywe sinne met die verkleinwoorde van:—
 - (a) *voel, sprinkaan, gogga, mier, kuil, uil.*
 - (b) *boom, droom.*
 - (c) *dans, kriek, vis, fees.*
5. Vorm samegestelde woorde van die volgende woorde: *lente-, somer-, herfs-, winter-, fees-, veld-, dans-, vis-*. Gebruik die samegestelde woorde in sinne.
6. Vertel wat jy self gesien het of wat jy gelees het van sprinkane.
7. Skrywe wat jy weet van die lewenswyse van 'n uil.
8. Beskrywe een van die ander diertjies wat in bo-staande versies genoem word.

1. Lees :

Jakkals en die Lam.

Jakkals ontmoet eendag 'n lam wat afgedwaal het van die trop. Hy wou nie somar die lam verslind nie, maar wou hom self laat erken dat hy die volste reg het om hom op te eet. „Jy het my mos verlede jaar beledig.” sê Jakkals. „Dit kan nie waar wees nie,” antwoord die lam met 'n hees stemmetjie, „want ek was toe nog nie gebore nie.” „Nou ja,” sê Jakkals weer, „jy eet darem my gras op.” „Nee,” antwoord die lam, „ek eet nog nie gras nie.” „Maar jy drink darem my water,” vervolg Jakkals. „Dit ook nie,” was die antwoord, „want my ma se melk is ook my drinkwater.” „Nou ja,” sê Jakkals, „jy sou dit darem gedrink het, as jy ouer was; daarom sal ek jou maar onskadelik stel.”

2. Gee hierdie storie weer soos Jakkals hom sou vertel het aan sy vrinde.
3. In party Jakkals-stories is Jakkals aan die kortste ent, nieteenstaande sy sluideid. Gebruik die volgende woorde om so'n storie te maak: Lam-metjje . . . dak . . . Jakkals . . . kyk op . . . word uitgelag . . . , kêreltjie . . . nie jy nie . . . maar . . . waarop . . . staan.”
4. Maak sinne met: *darem, daurom, erken, beken, ontken, herken, skadelik, skadeloos, vervolg, gevolg.*
5. Verklaar hierdie sinne:—
 - (a) Die spreker dwaal af van sy onderwerp.
 - (b) Mag is reg.
 - (c) Ná ek hom vertel het wat hy moes doen, het hy geen gras onder sy voete laat groei nie.

1. Lees :

Meneer Korporaaltjie.

In die tyd van die Amerikaanse Vryheidsoorlog moes 'n korporaal met 'n paar man eendag 'n swaar balk verskuiwe. Die balk was te swaar vir die soldate, en die korporaal was te hoogmoedig om hand by te sit; hy gee maar net bevele. Meteens kom daar 'n offisier aangery. „En toe, sê hy vir die korporaal, „waarom help jy dan nie die soldate nie?” „Weet jy dan nie dat ek korporaal is nie?” was die antwoord. „O so,” sê die offisier, terwyl hy afklim. Hy help toe die soldate en die balk word verskuiwe. „Goeie dag, Meneer Korporaaltjie,” sê hy toe, „as jy nou weer hulp nodig het by sulke werk, laat maar net die Kommandant-Generaal roep; ek sal altyd graag kom help.”

2. Wat het die offisier gesê?
 Wat was die antwoord van die korporaal?
 Wat het die offisier toe gedoen?
 Wat was sy laaste woorde aan die korporaal?
3. Skrywe die verhaaltjie neer in jou eie bewoording.
4. Let op hierdie sinne: (a) Die soldate verskuiwe die balk, (b) Die balk word deur die soldate verskuiwe. Die eerste is in die *Bedrywende Vorm*, omdat die Onderwerp (die soldate) die werking *verrig*; die tweede staan in die *Lydende Vorm*, omdat die Onderwerp (die balk) die werking *ondergaan*. Bring die volgende sinne oor in die *Lydende Vorm*: - -
 - (a) Die offisier en die soldate lig die balk op.
 - (b) Die korporaal help nie die soldate nie.
 - (c) Ses man verskuiwe die swaar stuk hout.
5. Skrywe sinne met: *verskuiwing*, *hoogmoed*, *bevel*, *werktuig*, *behulpsaam*, *ryperd*, *rytuig*.

1. Lees :

Sy eerste Leeu.

Wyle President Kruger het sy eerste leeu in 1839 geskiet, toe hy veertien jaar oud was. Die osse het langs Renosterrivier in die Vrystaat gewei. Gedurende die nag het daar een weggeraak, en die volgende dag was 'n klompie perdruiters vroeg op pad om die dief te soek. Gougou het hulle sy spoor ontdek: dit was 'n leeu. Na 'n paar uur kom hulle by 'n groot bos. Voor iemand nog iets gewaar kom die leeu te voorskyn. Die ruiters spring af van hulle perde, en Paultjie se werk was om die perde vas te hou. Hiervoor was daar egter nie tyd nie, want die leeu kom reguit na hom toe. Hy hou toe dadelik sy geweer op die leeu gerig. Toe die leeu spring trek Paultjie los, en tref hom gelukkig dodelik. Binne enkele treë van hom val die dier neer. Dit was Paul Kruger se eerste leeu, maar nie sy laaste nie.

2. Vertel hoe Paultjie sy eerste leeu geskiet het, en skrywe dan die verhaal netjies neer.
3. Gee die gebeurde weer soos Paultjie dit aan sy ma sou vertel het.
4. Let op die volgende uitdrukings en gebruik hulle in sinne: *gou-gou*; *fluit-fluit*; *skelm-skelm*; *speel-speel*, *kort-kort*.
5. Verklaar: (a) Ek het iets in die bos gewaar.
(b) Alle oë was op die dier gerig.
(c) Die dier was dodelik getref.
6. Gebruik in sinne: *dood*, *doodse*, *dodelik*; *siek*, *siekerig*, *sieklik*; *vroeg*, *vroegtydig*; *tydig*; *tydelik*.

1. Lees:

'n Gesprek.

„Wel Jan, waar was jy al die tyd? Het jy 'n lekker vakansie gehad?”

„Nee jong, ek het dit hierdie keer baie ongelukkig getref. Daar was siekte in ons huis byna al die tyd; eers was Ma ernstig siek, en toe sy gesond word, het my twee susters weer ingeval. Hoe het dit met jou gegaan op Pretoria?”

„Baie aangenaam; ek wens ek kan weer 'n vakansie daar gaan deurbring. In die stad self is heelwat moois te sien, en ek het ook 'n tydjie gekuier op twee pragtige plase.”

„Jy's dus nie bly om weer terug te wees op skool nie?”

„Byna nie, maar hoe sal 'n mens nou maak.”

2. Gaan voort met hierdie gesprek van die twee seuns.
3. Jy ontmoet 'n neef van jou wat op 'n ander dorp skoolgaan en wat jy twee jaar laas gesien het. Skrywe julle gesprek neer.
4. Vertel 'n gesprek van twee mense wat jy gehoor het.
5. Skrywe vraende sinne met: *gesond, ongeluk, ernstigheid, boerplaas, kuiergaste, skoonsuster, blydschap, stiefbroer, deurbringer, skooltuin, pragstuk*. (Voorbeeld: Is jou suster nog nie gesond nie?)
6. Vertel wat jy gehoor of gesien het van Pretoria.
7. *Tydjie* is die verkleinwoord van *tyd*. Skrywe die verkleinwoorde van *stad, plaas, skoot, bad, perd, bord*.
Die verkleinwoord van *pad* is *paadjie* en van *blad* *blaadjie*. Skrywe sinne met hierdie twee.

1. Lees :

'n Briefie.*

Merweville,
5 Junie 1922.

Liefste Mammie,

Ons het maar vanmiddag hier op die dorp aangekom; maar ek skrywe somar dadelik, omdat daar nie gou weer geleentheid sal wees om 'n brief uit te stuur nie. Ek dink ek sal baie lekker hier op die dorp kuier. Lena se ma en susters is aangename mense; ek het nog nie sulke vrindelike mense ontmoet nie.

Môre-aand word die nuwe saal ingewye met 'n groot konsert. Ons gaan natuurlik almal. Dan sal ek later vir Mammie alles daaromtrent skrywe.

Groete aan Pappie en Boeta, en soentjies vir Baba.

Maria.

2. Skrywe hierdie briefie van Maria in jou eie bevoording. Skrywe die adres ook voluit, soos jy dit op 'n koevert sal doen.
3. Skrywe 'n antwoord op Maria se briefie.
4. Veronderstel dat jou pa 'n week of twee van huis is, en skrywe 'n brief aan hom, waarin jy vertel hoe dit tuis gaan. Skrywe ook die adres voluit, soos dit op die koevert hoort.
5. 'n Nuwe skool of 'n nuwe kerk is onlangs by julle ingewye. Skrywe 'n brief aan jou oom of tante, waarin jy die gebeurtenis noukeurig vertel.
6. Gebruik die volgende woorde in sinne: *aankoms*, *vrindelikheid*, *inwyding*, *onaangenaamheid*.
7. Wat is die verskil tussen *sale* en *saals*.

* Skryfblokpapier behoort gebruik te word vir hierdie oefeninge.

1. Lees :

'n Drukkery.

Verlede Saterdag het ons onderwyser vir ons na die stad geneem om 'n groot drukkery te besoek. Die voorman het ons eers na die derde verdieping van die gebou geneem. Daar het ons die lieno's gesien; dit is masiene waarmee die letters geset word. Toe het hy ons die vorms gewys waarin die letters geplaas word. Daarna het ons 'n drukpers aan die werk gesien, wat groot bladsye druk byna net so vinnig soos jy kan tel. So'n bladsy bevat omtrent sestien bladsye van 'n gewone skoolboek. Die voorman het ons ook die groot rotasie-pers gewys, wat duisende kóerante in 'n uur druk. Hierdie masien is 'n reusagtige ding; hy word in die môre aan die werk gesit tussen drieuur en sesuur.

2. Waarheen het julle verlede Saterdag gegaan?
 Wat wou julle in die stad gaan doen?
 Wat was daar op die derde verdieping?
 Waarin word die letters gesit?
 Wat het julle ook nog gesien?
 Wanneer werk die rotasie-pers? .
3. Skrywe kortliks neer wat julle in die drukkery gesien het.
4. Verklaar: (a) Ek het gister by drie huisgesinne besoek afgelê.
 (b) Op die spoorwegstasie heers groot drukte.
 (c) Die barometer wys die drukking van die lug aan.
 (d) Wie is die voorman van die lieno-setters?
 (e) Daar is die voorman van die dorsmasien.
 (f) Jy het my 'n reusetaak opgelê.
 (g) Daardie hoed is pers van kleur.
5. Skrywe sinne met: *drukker, verdiep, vorme, letterlik, boumeester, opbou, versoek, besoeking.*

1. Lees :

'n Brief.*

Vredendal,
Van Rhynsdorp,
3 Maart 1922.

Beste Koos,

Dis nog maar drie weke dat jy weg is van die plaas, en dit voel vir my soos 'n jaar. Dit verveel my nou baie hier, want soos jy weet, het ek geen maters nie. As jy skrywe van die pret wat julle dorpseuns het, dan wens ek darem ook dat ek daar kan wees.

Kyk, oor twee weke gaan Pa dorp-toe, en hy het gesê ek kan saamgaan. Dan sal ek jou natuurlik sien. Ek sal ook die drie boeke saamneem wat jy hier vergeet het. Ek hoop ek sal dan ook 'n kans kry om julle „Pathescope” te sien, waarvan jy so baie skrywe.

Nou ja, tot weersiens.

Jou neef Hendrik.

2. Skrywe Koos se brief wat Hendrik hier beantwoord.
3. Skrywe die name en adresse voluit soos dit op die koeverte hoort.
4. Skrywe 'n brief aan 'n vrind of vrindin, waarin jy een en ander van jou skoollewe meedeel.
5. Maak afgeleide woorde van die volgende deur middel van agtervoegsels: *verveel*, *pret*, *vergeet*, *jaar*, *week*. Gebruik die afgeleide woorde in sinne.
6. Skrywe sinne met: *stad-toe*, *na die stad toe*, *tuin-toe*, *na die tuin toe*, *kraal-toe*, *na die kraal toe*.
7. Die meervoud van *maat* is *maters* (vrinde) en *mate* (waarmee gemeet word). Skrywe die meervoudsvorme van die volgende woorde, en verklaar die betekenis van die vorme deur middel van sinne: *las*, *skof*, *rug*, *saal*, *blad*.
8. Wat is die verskil in betekenis tussen *darem* en *daarom*, *wens* en *verlang*, *weg* en *afwesig*.
9. Vertel een en ander van 'n rolprent wat jy gesien het.

* Skryfblokpapier word gebruik vir alle briewe.

1. Lees :

Swawelliedjie.

(I.)

Ons het gevlug
vir die winterkou
om in warmer lug
ons nessie te bou,
hoog onder die dakrand
se skaduwee,
ons twee.

Ons huisie sal wees
van korreltjies klei
en binnekant sal ons
'n verebed spreï.

2. Waarom het die twee swaweltjies gevlug?
Waar wil hulle 'n nessie bou?
Waarvan sal hulle 'n nessie bou?
Wat sal hulle in die nessie sit.
3. Skrywe in jou eie woorde wat die swaweltjies sê.
4. Vertel hoe die veld by julle lyk in die somer, en ook in die winter.
5. Verklaar hierdie sinne :
 - (a) Baie vlugtelingte het oor die grens getrek, toe die oorlog uitbreek.
 - (b) Die Boland kry winterreëns, die Onderveld somerreëns.
 - (c) Die goeie nuus het baie vinnig deur die dorp versprei.
6. Skrywe sinne met : *rante, rande, kou, koud, skade, skaduwee, weduwee.*
7. Skrywe sinne met die teenoorgestelde van : *winterkoue, warmer, opbou, hoër, binnekant.*
8. Skrywe oor in die lydende vorm :
 - (a) Die voëltjies bou 'n nessie.
 - (b) Twee swaweltjies het 'n nessie gebou.
 - (c) Die diertjies spreï 'n verebed in die nessie.
 - (d) Hulle sal 'n sagte verebed spreï.
9. Skrywe die meervoud van : (a) *nag, kis, lg;*
(b) *winter, huisie, nessie.*

1. Lees :

Swawelliedjie.

(II.)

Op 'n dag van sonskyn
 sal jong swaweltjies vlieg
 uit donsewieg,
 om mee te gaan
 as ons trek hiervandaan
 oor bos en boom,
 oor land er see,
 want ons lewe is een
 lang somerdroom
 van nessie bou
 en vlug vir die kou.

(D. F. Malherbe).

2. Wanneer sal die klein swaweltjies uit die nes vlieë?
 Wat sal hulle dan doen?
 Waarheen trek die voëls dan weer?
 Wat doen die swaweltjies dus hulle heel lewe lank?
3. Skrywe neer in jou eie woorde wat die swaweltjies
 in die tweede versie sê.
4. Skrywe sinne met: *donsies, wieg liedjie, voortrekker,
 landgenoot, seereis, lewensbaan.*
5. Maak afgeleide woorde van die volgende deur mid-
 del van agtervoegsels: *son, bos, lang, kou, droom.*
 Gebruik die afgeleide woorde in sinne.
6. Gebruik in sinne: *jong, jonk; lung, lank; ou, oud;
 wye, wyd; goeie, goed; leë, leeg; droë, droog.*
7. Die meervoud van *see* is *seë*. Soek nog meer een-
 lettergripige woorde wat op *-ee* uitgaan, en
 gebruik hulle meervoudsvorme in sinne.
8. Skrywe neer in 'n paar sinne wat die digter ons van
 die swaweltjies vertel in die twee versies.
9. Vertel wat jy nog meer weet van hierdie soort
 voëltjie.

1. Lees :

Nie so erg jammer nie.

Keiser Leopold II was baie musikaal. Hy kon veral die fluit goed speel.

„Dit is tog jammer,” sê een van sy howelinge eendag, „dat U Majesteit nie musikant geword het nie.”

„Nee wat,” antwoord die Keiser, „dis nie so erg jammer nie; ek is met my teenwoordige betrekking ook tevrede.”

2. Wat het die howeling aan die keiser gesê?
Wat was die keiser se antwoord?
3. Vertel hierdie storie nogeens oor.
4. Skrywe dit neer soos die howeling dit aan iemand sou vertel.
5. Die vroulik van *keiser* is *keiserin*. Skrywe sinne met die vroulike vorme van *koning*, *slaaf*, *vrind*, *graaf*, *held*, *jood*.
6. Die meervoud van *hof* is *howe*. Skrywe sinne met die meervoud van *duif*, *kloof*, *wolf*, *werf*, *erf*, *brief*.
7. Verklaar : (a) Alles is teenswoordig duur.
(b) Ek was nie gister teenwoordig nie.
(c) Wat is jou teenwoordig nering?
(d) Jy is my nog 'n antwoord skuldig.
(e) Daar is nog geen tevredeheid onder die volk nie.
8. Skrywe vrae waarop die volgende sinne antwoorde is:—
(a) Die keiser kon veral die fluit goed speel.
(b) Ek is tevrede met my betrekking.
(c) Die keiser het dadelik geantwoord.
(d) Die howeling het gesê, dat die keiser musikant moes geword het.

1. Lees :

Toringbal.

Die toring is 'n besemstok omtrent drie duim diep in die grond geplant; die bal kan 'n voetbal of 'n groot lapbal wees. Die spelers staan in 'n kring om die toring. Die kaptein kies iemand uit om die toring te verdedig, en dié een gaan staan by die toring. Die spelers skop nou die bal na die toring, en probeer om dit om te skop. Die verdediger keer die bal met sy voete of met sy lyf. Dié een wat die toring omskop word weer verdediger. As die verdediger self sy toring omskop of omstamp, stel die kaptein 'n ander verdediger aan.

2. Watter soort bal word gebruik?
 Wat is die toring?
 Wie kies die eerste verdediger?
 Wat moet die verdediger doen?
3. Vertel noukeurig hoe 'n mens *Toringbal* speel.
4. Beskrywe enige ander speletjie, wat met 'n bal gespeel word.
5. Die verkleinwoord van *toring* is *torinkie*. Skrywe sinne met die verkleinwoord van *doring*, *ketting*, *paling*, *rotting*, *rekening*, *beloning*, *sendeling*.
 Die verkleinwoord van *kring* is *kringetjie* en van *gesang*, *gesangetjie*. Soek nog meer woorde met 'n beklemtoonde lettergreep op *-ng*, en skrywe sinne met hulle verkleinwoorde.
6. Maak afgeleide woorde van die volgende deur middel van agtervoegsels: *speel*, *skop*, *lyf*, *diep*, *grond*, *groot*.
7. Skrywe sinne met die volgende woorde: *voorspelers*, *wagtoring*, *verdediging*, *voetstuk*, *lyfwag*, *huiskring*, *verkieping*.

1. Lees :

Jakkals en Bobbejaan.

Eendag op 'n vergadering van diere het Bobbejaan só mooi gedans, dat die diere hom tot koning kies. Jakkals was baie boos en jaloers, en besluit om vir Bobbejaan 'n poets te bak. Hy wis van 'n slagyster wat Boer gestel het, en lei toe vir Bobbejaan daarnatoe. „Daardie stuk vleis,” sê Jakkals, „het ek ontdek; maar ek het dit bewaar vir jou, ons koning; neem dit dus.” Bobbejaan ruik geen lont nie, en toe hy die vleis vat, slaan die slagyster hom vas. „Jy het my moedswillig in hierdie val gelei,” sê hy op 'n klaende toon. „O arme Bobbejaan,” antwoord Jakkals, „en jy wil, met so min verstand, koning wees van die diere!”

2. Wat het op die vergadering van diere gebeur?
 - Wat het Jakkals toe gedoen?
 - Wat het met Bobbejaan gebeur?
 - Wat het hy vir Jakkals gesê?
 - Wat was Jakkals se antwoord aan Bobbejaan?
3. Skrywe hierdie verhaaltjie neer in jou eie woorde.
4. Deel die verhaal mee (a) soos Jakkals dit sou vertel;
 - (b) soos Bobbejaan dit sou vertel.
5. Verklaar: (a) Bobbejaan het geen onraad gemerk nie.
 - (b) Jakkals het hom in die val gelei.
 - (c) Jakkals het vir Bobbejaan lelik in die nek gekyk.
 - (d) Jakkals het dit met opset gedoen.
6. Skrywe vrae waarop hierdie sinne antwoorde is:
 - (a) Jakkals lei hom toe na 'n slagyster.
 - (b) Boer het die slagyster gestel.
 - (c) Bobbejaan het vir Jakkals van bedrog beskuldig.
 - (d) Jakkals sê toe dat Bobbejaan te dom is om koning te wees.
7. Skrywe sinne met: *ruik, reuk; lei, ly, lui; stuk, stik; diere, dure.*
8. Wat is die onderskeid tussen *ontdek* en *uitvind*, 'n *arm* man en 'n *arme* man.

1. Lees :

Aap as Regter.

Wolf het eendag vir Jakkals van diefstal beskuldig. Die twee het lank oor die saak gestry; maar Jakkals hou vol dat dit sy eie kombers is, terwyl Wolf dit bevestig dat hy dieselfde kombers verloor het. Aap onderneem toe om die saak uit te wys. Ná albei hulle kante bepleit het, sê Aap : „Ek dink nie dat jy, Wolf, ooit daardie kombers verloor het nie, en ek glo vas dat jy, Jakkals, daardie kombers gesteel het.”

2. Waarvan het Wolf vir Jakkals beskuldig?
 - Wat was Jakkals se antwoord?
 - Wie moes die saak uitwys?
 - Wat het Aap te kenne gegee met sy uitspraak?
3. Vertel die storie nogeens oor? Deel dit ook mee soos Aap dit sou vertel.
4. Skrywe die verhaaltjie neer soos Jakkals dit sou vertel
5. Verklaar :
 - (a) Jakkals staan beskuldig van diefstal.
 - (b) Wolf bring die beskuldiging teen Jakkals in.
 - (c) Aap sê toe dat Jakkals se verdediging swak is.
 - (d) Wolf het ook nie gelyk gekry nie.
 - (e) Jakkals het volgehou dat die kombers sy eiendom was.
 - (f) Wolf het Jakkals se bewering betwis.
 - (g) Die twee het voor die regbank verskyn.

6. Skrywe sinne met die teenoorgestelde van : *bevestig, bevestigend, verlies, ooit, vol, vas.*

Juta se **Afrikaanse Verhaaltjies** bevat oorspronklike en interessante stories. Prys 1/6.

1. Lees :

Woltemade.

Dis die naam van die groot man. Die nuwe begraafplase van Kaapstad heet na hom. Elke reisiger wat in die trein daar verbystoom, sien die naam en dink aan wat daar digby gebeur het.

Vir 'n kind wat van dapper dade hou, is die storie van Woltemade tog alte mooi. Vir so 'n kind sal die sandvlakte by die Kaap altoos van dié groot held vertel. As hy in die trein verby die begraafplase ry, fluister die wind in sy oor van Woltemade en sy perd.

(Uit *Kykies vir Kinders*: Nico Hofmeyr.)

2. Na wie heet die begraafplase van Kaapstad?
Wat sien die reisigers wat daar verbyry?
Waarvan laat die sandvlakte by die Kaap ons dink?
3. Vertel die heldedaad van Woltemade, soos jy dit in die geskiedenis geleer het.
4. Beskryf die gebeurtenis soos een van die skipbreukelinge wat Woltemade gered het dit sou vertel het.
5. Skryf sinne met : *nuut, nuwe, nuus, plase, plekke, gedagte, dapperheid, kinderlik, kindertig.*
6. Die vroulike vorm van *held* is *heldin*. Soek meer woorde waarvan die vroulike vorm op *-in* eindig, en gebruik daardie vorme in sinne.
7. Verklaar : (a) Jan is vandag weer perdfrys.
(b) Dit was donker maar ons was almal perdgerus.
(c) Daardie man is somer 'n windmaker.
(d) Woorde wek, maar dade trek.
(e) Mooi vergaan, maar deug bly staan.

1. Lees :

Die Beer se Raad.

Twee reisigers ontmoet eendag skielik 'n beer op pad. Een van hulle vlug gou in 'n boom en kruip agter die takke weg. Die ander een sien geen uitkoms nie, en val plat neer. Hy maak toe of hy dood is. Die beer het hom beruik, maar dag dat hy dood was en laat hom toe staan. Toe die beer weg was, kom die ander man uit die boom en vra: „Wat het die beer in jou oor gefluister?” „O,” was die antwoord, „hy het my goeie raad gegee: reis nooit met 'n vriend wat jou in die steek laat as daar gevaar is nie.”

2. Wat het die reisigers ontmoet?

Wat het die een toe gedoen?

Wat het die ander gedoen?

Wat het die wegkruiper gevra, toe die beer weg was?

Wat was sy maat se antwoord?

3. Vertel die verhaaltjie in jou eie bewoording.

4. Skrywe die storie neer soos die reisiger hom sou vertel wat nie kon ontvlug nie.

5. Skrywe vrae waarop die volgende sinne antwoorde is:

(a) Die reisiger het plat op die grond gaan lê.

(b) Die beer het gedink dat die man dood is.

(c) Die bangbroek het in die boom gevlug.

(d) Die beer het my goeie raad gegee.

6. Verklar:

(a) Daar dreig 'n groot gevaar vir die land.

(b) Die twee persone was reisgenote.

(c) Die een het sy maat in die steek gelaat.

(d) Die stakers vervolg alle onderkruipers.

(e) Die gevangene het ná twee dae ontvlug.

(f) As die nood hoog is, is die uitkoms naby.

7. Skrywe sinne met: *kyk, bekyk; smeer, besmeer; arbei, bearbei; werk, bewerk; haal, behaal; antwoord, beantwoord.*

1. Lees :

?

In Argentina het Vossie 'n oulike manier om van sy vlooie ontslae te raak. Hy gaan na die naaste skaapkraal en steel 'n pluisie wol van een van die skape. Dan hardloop hy met die wol in sy bek na die naaste dam water. As hy by die water kom, draai hy hom om en gaan agterstevoor in. Net soos sy stert in die water kom vlug die vlooie na vorentoe, en so gaan hy al dieper in. Die vlooie vlug weg van die water, totdat almal op sy kop sit. Nou trek Vossie ook sy kop stadig onder die water. Eindelik is net sy neus en die stukkie wol bo die water. Sodra hy voel dat al die vlooie op die wol geklim het, duik hy weg en kom skoon uit die water.

2. Dink 'n gepaste opskrif uit vir hierdie storie, en vertel hom noukeurig oor.
3. Skrywe die verhaaltjie neer soos Vossie dit self sou vertel.
4. Skrywe vrae waarop die volgende sinne antwoorde is:
 - (a) Vossie steel 'n pluisie wol in die skaapkraal.
 - (b) Hy gaan agterstevoor in die water.
 - (c) Naderhand is al die vlooie op sy kop.
 - (d) As al die vlooie op die wol sit, trek hy sy kop in.
 - (e) Argentina is in Suid-Amerika.
5. Verklaar:
 - (a) Jy moet probeer om van daardie maat ontslae raak.
 - (b) Jy is altyd agterstevoor.
 - (c) Ek laat niemand op my kop sit nie.
 - (d) Toe die swaar werk kom, trek hy kop uit.
 - (e) Hy sal jou deur die neus laat betaal.
 - (f) Daardie leerling het 'n goeie kop.
6. Skrywe sinne met: *duikboot, wolboere, watervoor, stompneus, waterslang.*
7. Vorm afgeleide woorde van die volgende deur middel van voor- of agtervoegsels: *kop, vlug, trek, skoon, manier, draai, duik.* Skrywe sinne met die afgeleide woorde.
8. Wat is die teenoorgestelde van *vorentoe, naaste, stadig, bo, dieper, almal.*

1. Lees:

Die ou Kaapnaars.

Die mense het maar min geloop in die Kaap. Die perde en die slawe bring hulle waar hulle moet wees. Om elfuur kom die mans smôrens al huis-toe vir 'n bittertjie. Sommige gaan na die klub om te rook en te gesels. Die vrouens eet weer koek by hulle wyn of soetsopie, en hulle gesels nog lekkerder. Hulle het ook goed geëet in dié dae. „Die goeie mense,” sê 'n Fransman, “eet van die môre tot die aand.”

(Uit: *Kykies vir Kinders*: N. Hofmeyr.)

2. Wat het die mense maar selde gedoen?
Hoe het hulle van die een plek na die ander gegaan?
Wat doen die mans om elfuur in die môre?
Wat doen die vrouens dan?
Wat het die Fransman van die Kaapnaars gesê?
3. Vertel wat hier van die ou Kaapnaars gesê word.
4. Skrywe sinne met *gesels, praat, spreek, preek, mans, manne, man* (meervoud), *die, dié, daardie*.
5. As ons dinge vergelyk dan sê ons *lekker, lekkerder, lekkerste*. Skrywe die trappe van Vergelyking van: *swaar, helder, gaar, bitter, maer*.
6. Vorm samegestelde woorde van *huis, rook, vrou, mens, aand, môre, perde*. Skrywe sinne met die samegestelde woorde.
7. Vorm afgeleide woorde van die volgende deur middel van voor- of agtervoegsels: *mens, vrou, huis, rook, gesels, eet*. Gebruik die afgeleide woorde in sinne.
8. Skrywe in die Lydende Vorm:
 - (a) Die slawe dra die mense rond.
 - (b) Die mans het tabak gerook.
 - (c) Die mense sal lekker kos eet.
 - (d) Die vrouens drink tee om elfuur.

1. Lees :

'n Brief.*

Groenberg,
Wellington,
4 April 1921.

Liewe Broer,

Ma sê jy moet die volgende goed tog seker saambring as jy Saterdag huis-toe kom :—

4 rolletjies wit gare (No. 40);

6 pond suiker;

$\frac{1}{2}$ pond pypkaeël;

1 klein blikkemmertjie.

Jy kan alles maar agter op jou rywiël pak.

Gister was Mnr. van den Berg hier by ons. Hy sê Tant Annie is nog maar baie siek. Ma en Pa gaan albei vandag na Drievlei. Dan sal ek alleen moet huishou.

Groete van jou suster

Betsie.

2. Skrywe die gesprek neer (a) tussen Betsie en haar Ma, net voor hierdie briefie geskrywe is; (b) tussen Mnr. van der Berg en Betsie se Pa die vorige dag.
3. Skrywe 'n briefie aan jou suster, waarin jy haar vra om sekere dinge vir jou te koop en te stuur.
4. Skrywe die antwoord van jou suster, waarin sy sê dat sy nie presies dieselfde goed kon kry nie, en vra of sy mag ander dinge stuur wat sy opnoem.
5. Skrywe dan weer 'n antwoord op jou suster se brief.
6. Skrywe die name en adresse van al die briewe voluit, soos dit op die koeverte hoort.
7. Skrywe sinne met: *siek, siekerig, sieklik; dood, doodse, dodelik.*
8. As ons dinge vergelyk dan sê ons *baie, meer, meeste.* Skrywe ook die Trappe van Vergelyking van (a) *goed, weinig, veel;* (b) *wit, klein, siek, groot, groen.*

* Skryfblokpapier moet gebruik word in alle briewe.

1. Lees :

De nut van Spinnekoppe.

Vir die mensdom is die spinnekop van nut deurdat hy help om die vlieë en muggies te vang. In die blom- en groentetuine is die spinnekop van baie groot nut, en moet dus as 'n vrind beskou word. Mense het al probeer om die sy van spinnerak te gebruik; maar dit is moeilik om te bewerk, en spinnekopsy is baie duur. Maar dit is tog waar dat hier en daar met spinnekoppe geboer word net om hulle spinnerak.

(Uit *Praatjies met die Kinders*: Leipoldt.)

2. Waarom is spinnekoppe van nut vir die mens?
Wat doen hulle in ons tuine?
Waarom is spinnekopsy duur?
3. Skrywe neer wat hier van die spinnekop vertel word.
4. Skrywe die meervoud van (a) *vlieg, oog, weg*;
(b) *dag, vlag, slag*.
5. Maak afgeleide woorde van die volgende deur middel van voor- of agtervoegsels: *nut, kop, help, vrind, werk, gebruik, mens, vang*.
Maak sinne met die afgeleide woorde.
6. Skrywe sinne met die teenoorgestelde van:
vrind, nut, moeilik, duur.
7. Skrywe in die Lydende Vorm:
 - (a) Die spinnekoppe vang vlieë.
 - (b) Ons sal die spinnekop as 'n vrind beskou.
 - (c) Mense het al spinnerak gebruik.
 - (d) Spinnekopboere bewerk die spinnerak.
 - (e) Spinnekoppe help die mens.

1. Lees :

'n Buitedorpie.

I.

Koppiesvlei het 'n poskantoor, twee groot winkels, 'n hotel, drie kerke en 'n skool; daar is ook 'n stasie naby die dorp, so 'n myl van die markplein af. Tweemaal in die week kom daar 'n passasierstrein verby. Die een se naam is „Up,” die ander se naam is „Down,” sê die stasiemeester. „Up,” wat van die Laeveld kom, passeer op Vrydagmiddag, en dan is amper die heel dorp op die stasie; maar „Down” kom in die nag verby, en dan is daar net die ou bus van die hotel.

2. Watter geboue is daar op Koppiesvlei?
Hoeveel passasierstreine loop daar verby?
Wat is hulle name?
Wie is Vrydagmiddag almal op die stasie?
3. Gee kortliks weer wat hier van Koppiesvlei vertel word.
4. Maak samegestelde woorde van: *winkel, stasie, dorp, Saterdag, hotel, mark*. Skrywe sinne met die samegestelde woorde.
5. Skrywe sinne met: *in die skool, op skool; in die kantoor, op kantoor, op my kantoor*.
6. Skrywe sinne met die meervoudsvorme van: *bus, hotel, offisier, luitenant*.
7. Wat is die teenoorgestelde van: *Laeveld, heeltemal, kom, nag, naby*.
8. Beskrywe kortliks hoe julle skool of julle kerk lyk.
9. Vertel iets van jou laaste besoek aan 'n spoorwegstasie.

Stories om leeslus aan te kweek. Juta se **Afrikaanse Verhaaltjies**,
Prijs 1/6.

1. Lees :

'n Buitedorpie.

(II.)

Dit was 'n warm dag. 'n Mens kon die hitte sien tril op die groot markplein voor die hotel. Daar staan net een ossewa met twaalf osse; party lê en herkou en ander staan en skud hulle koppe, en swaai hulle sterte om die vlieë weg te ja. Daar is niks anders op die wa as 'n ou bokseil en 'n paar pampoene nie. Die straat is leeg. 'n Klompie kinders wat anders om dié tyd op die mark speel, het skuiling gesoek in die skaduwee van die groot kerk.

(Uit *Oom Frikkie en ander Sketse*: Lub.)

2. Wat staan daar op die markplein?
 Wat maak die osse?
 Wat is daar op die wa?
 Waar is die kinders wat gewoonlik daar speel?
3. Gee 'n beskrywing in jou eie woorde van daardie warm dag op die buitedorpie.
4. Let op die voorvoegsel van die woord *herkou*. Soek meer woorde met dieselfde voorvoegsel en gebruik hulle in sinne.
5. Skrywe sinne met: *staan en eet; sit en lees; loop en lag; lê en praat*.
6. Skrywe die Trappe van Vergelyking van *groot, klein, warm, ou, leeg*.
7. Bring deur middel van sinne die betekenis uit van die volgende woorde: *versoek, besoek, versoeking, besoeking, die, dié, daardie, skuil, verskuil, skaduwee, skade*.

1. Lees :

Jannie vergis hom.

Klein Jannie sien in die tuin naas dié van sy vader iets staan, wat sy aandag trek. Hy kom digterby en merk dat onder die snaaks hoed en eenaardige mantel die ou buurvrou verskuil staan. Enigsins onthuts sê hy „Aaits, ek het gedink Tante is 'n voëlverskrikker.”

2. Waar was klein Jannie?
Wat het hy daar gesien?
Wat het Jannie gesê?
3. Vertel nogeens hoe Jannie hom vergis het.
4. Het jy jou ook al op 'n dergelike manier vergis?
Beskrywe hoe dit gebeur het.
5. Beskrywe een of ander voëlverskrikker wat jy al gesien het.
6. Die vroulike vorm van *buurman* is *buurvrou*. Skrywe sinne met die vroulike vorme van: *seun*, *oupa*, *jong*, *baas*, *jongetjiekind*, *bokram*, *bul*.
7. Vorm afgeleide woorde van die volgende deur middel van voor- of agtervoegsels: *tuin*, *aandag*, *trek*, *skuil*, *vader*.
8. Bring deur middel van sinne die betekenis uit van die volgende woorde: *denkbeeld*, *eenaardigheid*, *blomtuin*, *stiefvader*.
9. Bring oor in die Lydende Vorm:
 - (a) Jannie sien 'n voëlverskrikker.
 - (b) Die ding het Jannie se aandag getrek.

1. Lees:

Leeu en Krokodil stry.

Eendag stap Leeu water-toe om te gaan drink, en ontmoet vir Krokodil in die veld en vra: „Wel Krokodil, waar stap jy met jou gelapte pak klere heen?”

„Ek moet my veldkornet, Likkewaan, gaan sien. Arrie, jy spot met my gelapte pak klere, maar hierdie mondering verruil ek nie vir jou woljas nie,” sê Krokodil ewe beledig.

„Wat?” roep Leeu verbaas uit; „Likkewaan veldkornet van jou? Ek is koning en het alleen reg om veldkornette aan te stel. Of weet jy dit nog nie?”

Toe antwoord Krokodil: „Jy, Leeu, is koning op land; ek, Krokodil, is koning in die water. Ons het niks met mekaar uit te waai nie.”

(Uit: *Dierestories*: Von Wielligh.)

2. Waarheen het Leeu gestap?
Vir wie het hy ontmoet.
3. Vertel die gesprek wat plaasgevind het tussen Leeu en Krokodil.
4. Skrywe die gesprek neer soos Leeu dit sou vertel.
5. Vorm afgeleide woorde van die volgende deur middel van voor- en agtervoegsels: *wol*, *beledig*, *land*, *spot*, *ruil*, *koning*, *verbaas*.
Gebruik die afgeleide woorde in sinne.
6. Verklaar:
 - (a) Wat het jy met my uit te waai.
 - (b) Spotter kry sy loon.
 - (c) Mag is reg.
 - (d) Jy is my nog 'n antwoord skuldig.

1. Lees :

'n Brief.*

Mej. M. van Wyk,
Laerskool,
Queenstown.

20 Bredastraat,
Kaapstad,
21 September, 1922

Geagte Mej. van Wyk,

Soos ek belowe het skrywe ek gou aan u, om u te vertel hoe dit hier met my gaan.

Ek was al drie dae op skool hier en ek vind dit aangenaam. Dit is nie baie anders as by u nie; ek voel net natuurlik vreemd. Hier is baie meer kinders as op Queenstown; in Standerd V is daar altesaam 66 meisies; ons is verdeel in twee groepe A en B; ek is in die A-groep.

Van die stad het ek nog nie veel gesien nie. Ons mag net Saterdag uitgaan, en dit sal dus 'n heel paar maande duur voor ek alles gesien het. Ek was darem al in die Publieke Tuine en in die Museum. Die tuine is tog pragtig—so 'n groot verskeidenheid van blomme en plante.

Hartlik dank nog 'n keer vir alles wat u vir my op skool gedoen het.

Met hoogagting en groete,
U leerlinge,

Susanna Swart.

2. Skrywe hierdie brief van Susanna in jou eie woorde. Skrywe ook die adres voluit, soos jy dit op die koevert sal skrywe.
3. Skrywe 'n brief aan 'n vorige onderwyser of onderwyseres van jou, waarin jy een en ander van jou skoollewe vertel.
4. Maak afgeleide woorde van die volgende deur middel van voor- of agtervoegsels: *vertel, vind, aangenaam, vreemd, deel, maand, jaar*.
5. Die vroulik van *leerling* is *leerlinge*. Soek nog meer woorde wat die vroulike vorm op -e het, en gebruik hulle in sinne.

* Skryfblokpapier behoort gebruik te word vir alle briewe.

1. Lees :

Huis-toe.

Die mark is afgeloop, en onder 'n leë wa op die ou uitspanplek sit die houtryer en bereken sorgvuldig wat hy in die winkels alles moet koop. Met die papiertjies in die hand, waarop al die nodige dingetjies geskrywe is, loop hy na die winkels toe, met sy seuntjies wat die esels eers water-toe geja het agterna.

Ver, ver in die stowwerige pad ry 'n waentjie gelaai met goedjies. Die drywer, met 'n groot sweep oor die skouer, loop neffens sy span donkies vrolike liedjies en sing, die touleiertjie heelvoor smaaklik lekkers en kou.

(Uit *Nuwejaarsfees op Palmietfontein en ander verhale*: Maré.)

2. Ons sien hier drie prentjies: (a) Die houtryer onder sy wa; (b) Die houtryer gevolg deur sy seuntjie; (c) Die wa, die drywer en die touleier. Vertel nou nogeens wat hier beskrywe word.
3. Skrywe sinne met: *staan en praat; sit en lag; loop en eet; lê en lees.*
4. Gebruik die volgende verkleinwoorde in sinne: *waentjie, nôientjie, paadjie, blaadjie, gaatjie, vaatjie.*
Skrywe die gewone vorme waarvan hierdie die verkleinwoorde is.
5. Skrywe die verkleinwoorde van (a) *Lied, roet, hand, rant*; (b) *seun, eier, papier, paul*; (c) *ding, gesang, ring.*
6. Gebruik die volgende samegestelde woorde in sinne: *volkslied; perdesweep, winkeldeur, papiergeld, donkiewa, wapad.*
7. Maak afgeleide woorde van die volgende deur middel van voor- of agtervoegsels: *groot, ou, stof, smaak, lekker, kou.*